Vors

LES 2: ROEPING

DOEL: Elke mens het 'n doel of te wel 'n roeping. Als wat met jou gebeur gebruik die Here dan ook om die doel met jou te bereik.

HULPMIDDELS:

Wol (3-4m per kind)
Woorde (Veewagter / vegter / vlugteling / vredemaker / vriend / vors) groot op karton/papier geskryf

INLEIDING:

Trek Dawid se lewenslyn en knip die volgende fases uit.
Maak op-en-af-patrone met 'n tou op die vloer.
Begin → op → af → bietjie op → op → op

Skryf die volgende groot op papier/karton:
Veewagter *(die wegspring tyd van Dawid se roeping)*→
vegter *(Dawid was 'n suksesvolle vegter en dit was 'n positiewe tyd in sy lewe)* →
vlugteling *(dit was 'n negatiewe deel in sy lewe om te vlug vir sy lewe)* →
vredemaker →
vriend →
vors (*heersende veewagter - lees 2 Samuel 5:2*)

LES:

Veewagter: Toe die Here vir Dawid geroep het, het hy skape opgepas. Daarna het hy vir Saul gaan musiek speel op sy harp en sy wapens gedra.

Vegter: Dawid het as jong seun geleer om sy skape teen wilde diere soos bere en leeus te beskerm. Terwyl Saul en sy soldate nie kans gesien het om teen Goliat te veg nie, het Dawid net met sy slingervel en klippies kans gesien om teen hom te veg. Nadat Dawid vir Goliat doodgemaak het, het hy 'n baie suksesvolle vegter geword.

Vlugteling: Saul was jaloers op Dawid en wou hom doodmaak. Dawid moes letterlik vlug vir sy lewe. Saul het hom agtervolg en Dawid het met sy soldate weggekruip in die berge. Dawid het selfs een aand die geleentheid gehad om Saul dood te maak, maar het net 'n deel van sy mantel met sy mes afgesny en dit die volgende oggend vir hom gewys.

Vredemaker: Dawid het nooit vir Saul probeer doodmaak nie. Nee, hy het vir Saul op sy lier gespeel wanneer Saul kwaadgeraak het en hy het Saul se lewe gespaar al het hy geleentheid gehad om hom dood te maak.

Vriend: Saul se seun, Jonatan, was Dawid se beste vriend. Toe Saul vir Dawid wou doodmaak het Jonathan vir Dawid gewaarsku. Jonatan het geweet dat God vir Dawid uitverkies het om koning te wees en het glad nie omgegee dat Dawid eerder as hy (seun van koning Saul) koning sou word nie. Dawid en Jonatan was sulke vriende gewees dat hulle soos broers gevoel het.

Vors: In 2 Samuel 5:2 lees ons dat die Here vir Dawid sê dat hy vir die hele volk 'n herder moet wees. Net soos wat Dawid as jong seun die herder van sy skape was, het die Here 'n roeping vir sy lewe gehad om die leier van die volk Israel te wees.

TOEPASSING/UITDAGING:

Net soos daar in Dawid se lewe goeie en slegte (oppe en affe op ons lewenslyne) dinge gebeur het, het Dawid nie opgehou om die Here lief te hê nie. Nadat Dawid deur Samuel met olie gesalf is, moes hy nie net 'n lang tyd wag voordat hy koning kon word nie, hy moes ook vlug vir sy lewe. Tog was die Here getrou aan sy woord en het Dawid koning geword en 'n herder vir die volk van Israel soos die Here hom gevra het in 2 Sam 5:2. Dawid het die hoop (geloof) behou dat hy tog eendag koning sou word.

Die wonderlike was dat God als wat met Dawid gebeur het gebruik het vir sy roeping/taak in die lewe. Juis sy eerste paar jaar as veewagter het hom gehelp om eendag ook soos 'n veewagter herder vir sy volk te wees soos ons teksgedeelte aandui.

Als wat in ons lewe gebeur is ook dinge waarmee die Here ons voorberei vir ons roeping/taak eendag. Daarom is dit nodig om 'n slag terug te kyk op ons lewe en te sien wat als oor ons pad gekom het.

AKTIWITEIT:

Gee vir elke kind 'n stukkie wol (so 3-4 meter lank) en laat hulle ook hul lewenslyn uitbeeld. Onthou om vir die kinders te verduidelik van die op-en-af bewegings in hul lewenslyne. Wanneer daar iets slegs met hulle gebeur het, beweeg die lyn af en wanneer dit weer beter begin gaan of iets lekkers gebeur het, beweeg die lyn weer op.

AFSLUITINGS-AKTIWITEIT

Maak 'n groot kroon uit karton wat jy versier deur verskillende kolle op te plak bv. al die rooi kolle bo aan die kroon en dan aan die onderkant 'n ander kleur. Knip die kroon op in legkaart stukkies en gee 'n stukkie van die kroon aan die begin van die les vir die kinders. Dit maak nie saak as al die kinders nie 'n stukkie kry nie. Jy kan selfs kleingroepies elk 'n stukkie gee.

Bou aan die einde die legkaart kroon en laat kinders elkeen hulle eie stukkie bou. Dit gee kinders die gevoel dat elkeen 'n rol het en dat hulle van die begin af die rol/roeping gekry het.